Is jou integriteit onder verdenking?

Ds. Willem Louw: NG Kerk Miederpark

Skriflesing: Mt.5:33-37

Wanneer jongmense na skool hul loopbaan wil begin, ervaar hulle gewoonlik ’n paar struikelblokke wat hulle moet oorkom. Hulle kom bv. gou agter, al is hulle hipper intelligent en hardwerkend, kort daar ’n paar dinge wat verhoed dat hulle werk kry. Hulle kom agter hulle moet tenminste die volgende hê:

- **Gespesialiseerde kennis**. *(Hulle skryf dan in vir ’n kursus by ’n tersiêre inrigting en ontvang ’n graad, diploma of sertifikaat)*
- **Ervaring.** Sonder ervaring wil niemand hulle hê nie. Daarom probeer hulle ’n kurrikulum opbou. Sommige jongmense doen vakansie werk terwyl hulle studeer. Ander doen interneskappe en gaan werk amper gratis by groot ondernemings om net ervaring in die veld op te doen en indiensopleiding te ontvang.
- **Kredietwaardigheid.** Wanneer hulle by ’n bank kom om ’n groot bedrag geld te leen, verneem hulle met ’n skok dat hulle nie kredietwaardig is nie! Hulle is dan verbaas omdat hulle nog altyd kontant geleef het en nou hoor hulle dat die bank hulle nie vertrou nie! Gou leer hulle dat hulle ’n rekening moet oopmaak en dit maandeliks getrou terugbetaal sodat hulle ’n rekord kan opbou van ’n betroubare kliënt wat maandeliks sy rekeninge betaal. Dan eers beskou die bank hulle as kredietwaardig!
- **Goeie karakter.** Jy kan alles hê maar as jou karakter nie onkreukbaar is nie, wil niemand jou by hul onderneming aanstel nie. As jy as ’n luiaard, dronkaard en dief bekendstaan, sal min ondernemings jou in diens neem. Al waar hulle jou gaan aanvaar is by die tronk! Jy sal dalk slaapplek in ’n tronksel kry.

Wanneer Jesus ons vir Sy diens roep, hoef ons nie gespesialiseerde kennis te hê nie, kredietwaardig te wees nie of baie ervaring te hê nie. God gebruik ons net soos ons is. Daar is egter net een vereiste. Hy vra dat ons Sy beeld, Sy karakter sal vertoon.

<u>Een van die kenmerke van God se karakter, is Sy integriteit. Daarom moet ’n Christen ook integriteit hê.</u>

1. Wat is integriteit?

Integriteit is morele en etiese krag; dit is om te bly by jou beginsels. Dit is om eerlik en stabiel te wees, vry van foute. Dit beteken om volledig dieselfde te wees, binne en buite (deursigtig: wat jy sien, is wat jy kry)

- Wikipedia definieer: **Integriteit** as ’n konsep wat te doen het met ’n merkbare konstantheid van dade, waardes, metodes, mates, beginsels, verwagtinge en resultaat.
- Die etimologie van die woord “integriteit” toon dat dit afstam van die Latynse byvoeglike naamwoord “integer” wat beteken “whole, complete”. Volgens ons konteks dui dit dan op ’n innerlike heelheid wat beteken: eerlikheid en stabiele karakter.

Integriteit raak alle vlakke van die lewe.
Voorbeeld:

- As ’n rugby skeidsregter nie tydens ’n wedstryd beide spanne eenders hanteer nie, raak almal gou ongelukkig.
- As jy ’n bottel “Coke” koop en die bottel oopmaak om daarvan te drink, sal jy redelik ontsteld raak as jy koffie-water sonder gas proe. Jy verwag om wat buite op die bottel geadverteer is, binne in die bottel te vind. Dit is waarvoor jy betaal het en dit is wat jy wil vind.
- Indien die onderneming waarvoor jy werk, aan die einde van die maand nie jou salaris betaal soos wat julle ooreengekom het nie, sal jy dit beslis nie gelate aanvaar nie. Jy sal woedend wees!

Wanneer integriteit uit die samelewing verdwyn, stort alles in duie.

- Voorbeeld: As jy en jou vrou ’n verstandhouding het dat jy die broodwinner is en sy die kinders tuis sal versorg terwyl jy werk, sal jy hewig ontsteld wees as jy tuis kom en jou kinders onversorg vind, sonder kos en toesig terwyl jou vrou elders in die land by ’n vakansie-oord, die week saam met ’n paar mansvriende deurbring.
- Die teenoorgestelde geld ook. As jou man die broodwinner is en geld huis toe moet bring, sal jy woedend wees as hy elke maand die geld saam met sy vriende uitdrink / partytjie en vir jou en die kinders onversorg laat.

Waarom praat ons in die kerk oor die onderwerp? Hoe raak dit ons Christelike lewe?

- Indien iemand voorgee dat hy ’n Christen is, sou ons verwag dat daardie persoon konstant volgens die Bybelse waardes, geloof en beginsels van Christenskap sal optree.

Wanneer ons, onsself Christene noem, maar nie soos Christene optree nie, veroorsaak ons enorme skade in die gemeente en in die koninkryk van God.

Voorbeeld:

- Wat sal u byvoorbeeld dink as die dominee van u gemeente op ’n dag ’n bank beroof? Sal u hom nog as dominee wil hê? Nee, ek glo nie so nie.
- Gestel u is eendag oppad werk toe. Terwyl u by die robot wag, sien u hoe u geliefde selleier dronk uit die kroeg strompel. Kort daarna sien u die persoon by nog twee ander geleenthede wat dieselfde gedrag bevestig. Sê my, sal dit u vertroue in u selleier skend? Dit sal verseker!

’n Mens se integriteit beïnvloed almal rondom jou. As jy jouself ’n Christen noem, is daar sekere waardes wat jy by ’n Christen kan verwag soos bv. dat die persoon liefdevol, vredevol, vriendelik, eerlik en hardwerkend sal wees. So iemand sal ook nie loop en kwaadpraat en skinder nie. Ons kan ook verwag dat ’n Christen opreg, bedagsaam, en mededeelsaam sal wees. Ons sal dus verwag om van Christus se karaktertrekke in ’n Christen se lewe te vind.

Mense noem hulleself maklik Christene, maar die Christelike waardes ontbreek. Hulle lewe ook nie met integriteit nie. Sondag is hulle so, maar deur die week sus. Tussen hulle pelle is hulle so, maar by hul vrou en kinders sus. Voor die dominee is hulle so, maar agter sy rug tree hulle anders op.
So moet dit nie wees nie!

2. Eerlikheid.

- In ons skrifgedeelte vertel Jesus **hoe belangrik dit is om die waarheid te praat**. Die mense het maklik hul beloftes verbreek en selfs op ’n onverskillige en ligsinnige wyse die Naam van die Here by die aflê van sulke beloftes betrek. Daar is selfs vroom voorgehou dat hulle kerkmense is!
- **Jesus beklemtoon dat dit belangrik is om deurgaans die waarheid te praat.**
  Voorbeeld:
  By geleentheid het ek ’n sakeman besoek. Hy het gekla oor ’n kliënt wat reeds vir weke nie sy uitstaande skuld vereffen het nie. Die persoon het telkens ’n nuwe onderneming gemaak om te betaal, wat hy net nie nagekom het nie. Toe ek die naam van die persoon hoor, het my hart verstyf. Die persoon was ’n ouderling in ’n gemeente in die dorp. Die sakeman was verpletter. Sy reaksie was dat hy nooit weer iemand sal vertrou as hy sê dat hy ’n Christen is nie!

Dit is belangrik om beloftes na te kom. Dit versterk bande van vertroue en maak dit vir ander moontlik om op hul beurt ook hul ooreenkomste na te kom.

- Ons leef in ’n sondige wêreld vol wantroue en daarom word ons soms onder sekere omstandighede gevra om ’n eed af te lê bv. in ’n hof. Dit toon aan hoe ver die wantroue en onbetroubaarheid reeds gedaal het. Telkens hoor jy na ’n hofsitting dat die regter verklaar dat hy ’n sekere persoon se getuienis as onbetroubaar gevind het. Dit is net ’n mooi woord vir iemand wat ’n leuenaar en bedrieër is!

- Jesus sê: **jou Ja moet “Ja” wees en jou nee moet “nee”** wees. Ons lees in **Jak.5:12** *“My broers, dit is baie belangrik dat julle nie ’n eed moet aflê nie, nie by die hemel, nie by die aarde nie en ook nie enige ander eed nie. As julle “ja” sê, moet dit “ja” wees; as julle “nee” sê, moet dit “nee” wees.”*
- Die Jode en Arabiere was berug vir hul sweerdery en die aflê van ede by die hemel, aarde, Jerusalem, die altaar ens. Selfs eenvoudige verklarings en transaksies is dikwels vergesel van ’n eed. Ede is dan dikwels afgelê met die gedagte dat dit gekanselleer kan word.
- Jy moet egter as Christen weet, jy kan nie met jou mond een ding verklaar en in jou hart dit kanselleer nie. Doen jy dit, skaad jy jou integriteit, verval jy in huigelary en sal jy veroordeel word.

- Wanneer jy ’n eed aflê moet jy **besef dat die Bybel ’n baie sterk standpunt inneem oor die aflê van ’n eed wat jy nie nakom nie. Veral ’n eed wat valslik in die Naam van God afgelê word.**
- Jesus verwys terug na die Ou Testamentiese gebruik om ’n belofte onder eed af te lê (bv. Gen.26:31 – Isak; Gen.47:31 – Jakob; Jos.9:15 – Josua; Rut.1:17 – Rut; 2Kon.2:2-6 – Elisa, ens.). ’n Eed het in daardie tyd die ooreenkoms bindend gemaak.
- Dit was algemene gebruik om ’n eed af te lê, maar **Jesus het sy volgelinge aangemoedig om dit nie te doen nie.** Hulle woord moes sterk en bindend genoeg wees. Hulle woord “ja” en “nee” behoort alleen te kan staan as gevolg van hul integriteit.
- **Opregtheid is vandag so skaars dat ’n mens maklik die aanhangsel “ek belowe” wil byvoeg.** As jy altyd die waarheid praat sal dit nie vir jou nodig wees om met beloftes of met ’n eed, krag aan jou woorde te verleen nie. In God se koninkryk maak integriteit dit onnodig om te sweer.
    - Waar staan jy vandag ten opsigte van jou JA en jou NEE?

3. Die aflê van beloftes teenoor God

Hoe ernstig is die uitspreek van ’n belofte of die aflê van ’n eed teenoor God?

- **Num.30:2 “***As iemand aan die Here ’n gelofte doen of met ’n eed ’n verpligting op hom neem, mag hy sy woord nie breek nie; hy moet hom aan alles hou wat hy beloof het.”*
- **Deut.23:21** *“Wanneer jy ’n gelofte aflê teenoor die Here jou God, moet jy nie traag wees om dit na te kom nie, anders sal die Here jou God jou tot verantwoording roep en sal jy skuldig wees.”*

- Jy mag ook nie voorgee dat jy sekere goed vir die Here sal doen, bv. om jou tiende te gee, of iets belowe om te doen en dan agteraf vals optree of leuens vertel nie. God straf sy kinders wat leuens vertel. **Lees in Hand.5:1-11** om te sien hoe heftig God op leuens reageer. Hy het Ananias en sy vrou Saffira, wat voorgegee het dat hulle al die geld van die grond wat hul verkoop het aan die Here gegee het, maar toe altyd ’n deel daarvan teruggehou het, onmiddellik doodgemaak.

- Let Wel: Die **sendinggeloofsoffer** wat jaarliks in ons gemeente aangebied word, is nie ’n belofte, of belofte onder eed nie, maar bloot ’n wens of begeerte wat ons graag sou wou nakom, indien die Here aan ons voorsien *(want niemand kan in die toekoms sien nie).* Daarom word dit ’n sending **geloofsoffer** genoem. Dit verskil dus aansienlik van die betekenis van ’n bindende belofte soos in bogemelde verse.)

4. Hoe ernstig is dit om ’n eed valslik in die Naam van God af te lê?

Lees: Eks.20:7; Lev.19:12; Deut.19:16-20

- Om ’n eed in die Naam van God af te lê beteken om in Sy naam te sweer. Wanneer jy dit wel doen en nie jou belofte nakom nie, ontheilig jy God se Naam. Jou valsheid benadeel God se eer. \

  Ons vergeet dikwels dat God heilig is. Dat God se integriteit bo verdenking is. God is nie ’n mens wat lieg nie, of wat iets belowe en dit dan nie doen nie **(Num23:19)**
- Die gemeenskap van gelowiges behoort oor God se eer te waak en enige Christen wat God se eer te nakom, aan te spreek en reg te help.

  Kom ons Lees Psalm15 hardop en luister na die standaard wat God van ons verwag! Luister veral na die **etiek** en **integriteit** wat God van ’n gelowige verwag.

5. **Integriteit-lose mense verwoes alles**
   Ons land steier onder mense wat voorgee dat hulle mense van integriteit is, maar later is hulle optrede vol korrupsie, oneerlikheid, en leë beloftes.
   Dit gebeur in die regering sowel as in die privaatsektor. **In die proses vernietig ons mekaar, en die eer van God.**
   - Of ek my vroom hou en een miljard rand steel en of ek vyftig rand steel, dit bly dieselfde beginsel.
   - Of ek iemand omkoop en of ek ’n klein leuentjie vertel, dit doen in God se oë ewe veel skade.

   Neem die voorbeeld van Leë beloftes:
   - **Weet u hoeveel keer maak mense leë beloftes?** Ons maak bv. vinnig beloftes van ’n kuier of ’n afspraak of selfs ’n belofte dat ons vir iemand sal bid, maar hoe dikwels kom ons dit nie na nie?
     Wanneer ons iets onderneem en dit nie kan nakom nie, het dit ’n effek. Voorbeeld: Jy aanvaar ’n uitnodiging na ’n huweliksonthaal, maar besluit op die nippertjie dat jy nie meer lus is om te gaan nie. Die gevolg is dat jy ’n paar honderd rand van die bruid se ouers mors**.**

- In 2 Kor.1:15 tot 2Kor.2:4 vind ons die voorbeeld van Paulus se bekendmaking van sy voorneme om die Korintiërs te besoek. Tog het hy later besluit om nie te gaan nie. Toe hy sy besluit herroep, moes hy groot moeite doen om te verduidelik wat die rede vir die herroeping van sy besluit was. Hy doen dit om sy integriteit te behou.
- ’n Christen se woord is so belangrik. Ons moet altyd onkreukbaar leef! Wanneer ons weens omstandighede nie ons woord kan nakom nie, behoort ons dit bekend te maak en persoonlik omverskoning te vra en dit dadelik regstel.
- **Leef met integriteit.**
  - **Het u al opgelet wat mense sê** van stadsraadslede en regeringsamptenare en privaatorganisasies wanneer hulle telkens hul beloftes verbreek. Wanneer hulle dinge belowe en dit nie nakom nie. Jy verloor jou respek vir daardie mense. Jy vermy hulle. Jou denke oor hulle is negatief ens. Kan u nou uself indink hoe ’n individu ’n hele organisasie se naam deur die modder kan sleep! Ons sien dit elke dag gebeur!
  - **Weet u dieselfde geld van ’n gemeente**! Een of twee van ons wat telkens nie ons woord hou nie, kan ’n hele gemeente se naam deur die modder trek! Die selfde hartseer kan ons oor die naam van Christene bring! Ek het al gehoor hoe ongelowiges in die midde-Ooste sê: “as dit is hoe Christene optree, wil ek nie een word nie!”

Kom ons as Christene word weer trots op ons naam! Ons is beelddraers van God. Ons is bloedfamilie van Jesus Christus. Kom ons tree soos ’n familie van gelowiges op! Wat doen familielede? Hulle is trots op hul familie naam. Hulle pas hul naam op! So moet ons ook maak. Ons moet trots wees op ons gemeente. Trots wees op die feit dat ons Christene is! *(Alle Christene oor die wêreld is bloedfamilie van mekaar -deur Jesus se bloed)!* Kom ons help mekaar reg wanneer ons verkeerde dinge doen en sê. Kom ons stel die regte voorbeeld weer met trots vir ons kinders!

- Hoe keer ons ’n land om wat op die afdraande pad is? Ons het ’n keuse. Ons kan saam kla en afbreek en uitbuit, of ons kan sê ek gaan die voorbeeld stel. Dit is gelowige Christene wat die pas moet aangee. Dit moet hier by ons begin.

- **Beskerm mekaar se integriteit**. Wanneer ons kwaad praat van mekaar as Christene en mekaar se integriteit afbreek, is ons besig om groot skade te veroorsaak. Wanneer ons slegte dinge oor medegelowiges of oor ons gemeente of Christen leiers sê is ons besig om groot skade te doen aan God se koninkryk. Familie gee om vir mekaar. Familie help mekaar geduldig reg. Familie is trots op elke stukkie geestelike groei wat in iemand se lewe plaasvind! Kom ons doen dit vir Jesus, ook in hierdie gemeente!
  - Die enigste manier is om self ’n voorbeeld van integriteit vir ander te wees. Kom ons help mekaar reg en word weer trots op ons Christenskap, ons gemeente, ons familie van gelowiges!

  Moedig mekaar aan om met integriteit te leef. Wanneer jy self eerlik is, kan jy met vrymoedigheid ander reghelp en aanmoedig. Moenie moed verloor nie! Selfs al beleef u af en toe ’n teleurstelling, volhard! Dit gaan alles oor Jesus en Sy eer!

Jesus Christus het vir jou aan die Kruis gesterf. Hy het jou sondes betaal. Hy het jou gebroke verhouding met God die Vader herstel. Hy het jou met Sy bloed gekoop en jou deel van Sy bloedfamilie van verloste kinders gemaak. Jy is nou deel van Sy Kerk, Sy familie. God het Sy Gees in jou hart uitgestort om jou in hierdie nuwe lewe te begelei. God het ’n verwagting van jou. Hy verwag dat jou karakter Sy beeld waardiglik sal vertoon. Hy verwag dat jy ’n beelddraer van Hom sal wees. Dat ander Jesus in jou optrede sal sien. Hy vra ons om soos ’n lig in die donker wêreld te skyn, om sout van die aarde te wees, om beelddraers van God te wees. Hoe lyk jou karakter? Wat is jou integriteit?

6. **Ondersoek jou self deur die volgende te oordink:**

(1) Is jy konstant in die Christelike waardes wat jy uitleef ? *(Staan jy bekend as iemand met Christelike waardes)*
(2) Kan ander jou vertrou? *(leen jy bv. iets en bring dit nie terug soos jy beloof het nie)*
(3) Is jy oneerlik in enigiets *(bv. belasting, verhoudings, ens.)*
(4) Oordryf jy in jou gesprekke of vertel jy klein "wit leuentjies"?
(5) Beloof jy dinge wat jy sal doen, maar dan nie nakom nie?
(6) Is daar enigiets wat jy besit wat jy oneerlik verkry het?